

4 Augustus Matteus 16:13-20, (Teks: 13-16)

Valse en ware geloof

Jesus neem sy dissipels heeltemal eenkant as Hy hierdie allerbelangrikste vraag vir hulle vra. Nie sonder rede nie neem Hy hulle naby Cesarea-Filippi. Dit was 'n heidense stad met afgodsbeelde en -tempels. Openlik wys en sê hulle dat hulle nié in Jesus as die Verlosser glo nie - hulle bely hulle ongeloof! Ongevraag en openlik bely die wêreld vandag steeds sy ongeloof in Jesus Christus. Word moderne afgode gedien.

En die mense? Hiermee bedoel Jesus wat ons kan noem die kerkmense van daardie tyd. Sy dissipels antwoord dat hulle Hom sien as 'n opgestane profeet, 'n verskyning uit die doderyk. Ons kan dit tipeer as bygeloof. Daar is helaas ook baie bygeloof onder selfs ons eie kerkmense. Solank ek net my kind gedoop het; as ek net die belydenisaflegging agter die rug het; ek mag darem nie die Nagmaal mis nie. Daarmee bely ek eintlik my bygeloof. "Maar julle" vra Jesus "wie sê julle, is Ek?" By monde van Petrus bely sy dissipels hulle Christusgeloof. Te midde van 'n wêreld vol ongeloof en mense se bygeloof (wat albei 'n valse geloof is), bely hulle die ware geloof. Dank die Vader dat daar vandag nog diesulkes is; en dank die Vader dat ons onder hulle mag tel. Laat ons dan hierdie ware belydenis vashou elke dag en uitleef. En laat ons die ware, die Christusgeloof getrou uitdra deur ons woorde en ons daade te midde van 'n wêreld vol van ongeloof en bygeloof.

Sing: Skrifberyming 27:1,4
(Gobabis)

Ds. R.J.P. du Plessis